Toitū Te Whenua Land Information New Zealand

REINZ REAL ESTATE INSTITUTE OF NEW ZEALAND

# Huiskoop in Nieu-Seeland

## Indien jy nie 'n Nieu-Seelandse burger is nie

### Nieu-Seelandse burgers, asook permanente residente wat aan die kriteria as "gewone resident" voldoen, kan eiendom koop sonder enige beperkings.

Buitelandse mense kan nie 'n huis of grond in Nieu-Seeland koop nie.

Indien jy in besit is van 'n residensiële klasvisum, maar nog nie 'n "gewone resident": is nie, mag jy een huis om in te woon koop of bou, mits jy toestemming verkry Land Information New Zealand (LINZ). Jy moet daartoe verbind wees om vir die langtermyn in Nieu-Seeland te woon.

Daar is verskillende toestemmingsvereistes afhangende van watter tipe grond jy belangstel om koop.

Daar is verskillende regulasies vir Australiese en Singapoerse burgers, en permanente residents onder die vrye handelsooreenkomste.

**Is jy 'n "gewone resident"?**

Ten einde in staat te wees om eiendom sonder beperking aan te koop, moet jy 'n gewone resident in Nieu-Seeland wees. Dit beteken dat jy aan al vier kriteria moet voldoen:

- In besit wees van 'n bewonersklasvisum, en
- vir ten minste die laaste twaalf maande in Nieu-Seeland gewoon het, en
- teenwoordig was in Nieu-Seeland vir ten minste 183 dae van die laaste 12 maande, en
- 'n belasting resident van Nieu-Seeland wees.

**Watter tipe grond is jy besig om te koop?**

Goedkeuring is slegs beskikbaar vir grond wat geklassifiseer is as "residensiële" of "leefstyl".

Grond mag ook sensitief wees vir 'n ander rede, soos om geleë te wees op 'n eiland, of langs 'n strand, rivier, of bewaringsarea. Dit beteken die grond is geklassifiseer as "andersins sensitief".

Dit is belangrik om die tipe grond versigtig te bestudeer; jy kan dit doen by www.qv.co.nz. Indien jy onseker is, moedig ons jou aan om deskundige advies te verkry.

### 'n Vinnige blik

**Maak seker dat jou versoek geskik is**
Kontroleer watter tipe visum jy het, en of jy goedkeuring benodig om te koop.

**Bestudeer die grond**
Goedkeuring is beskikbaar vir "residensiële" en "leefstyl'grond". Bepaal of die grond sensitief is om die een of ander rede.

**Doen aanlyn aansoek**
Doen aanlyn aansoek om goedkeuring op LINZ se webwerf, alvorens jy 'n eiendom aankoop.

**Voldoen aan die vereistes**
Goedkeuring is onderhewig aan die voorwaardes waaraan voldoen moet word.

### Verkry vooraftoestemming tot en met 'n jaar

Jy kan aansoek doen vir vooraf-goedkeuring geldig sal wees tot en met 'n jaar vanaf goedkeuring, en jou sal toelaat om een eiendom geklassifiseer as "residensiële" of "leefstyl land" te kan aanskaf sonder verdere goedkeuring van LINZ. Jy moet ook eers vooraf goedkeuring verkry om eiendom op 'n veiling te kan koop.

*Die voorafgoedkeuring is nie van toepassing op grond wat vir 'n ander rede sensitief is nie. Voorwaardes is van toepassing.*



Te Kāwanatanga o Aotearoa
New Zealand Government

**Benodig jy goedkeuring?**

| Geen goedkeuring benodig | Goedkeuring benodig | Kan nie koop nie |
|---|---|---|
| • Nieu-Seelandse burgers.<br>• Enige "gewone resident" in Nieu-Seeland<br>• Australiese en Singapoerse burgers vir residensiële of leefstyl'grond wat nie "andersins sensitief" is nie.<br>• Die deelgenoot of huweliksmaat van enige van die bogemelde wanneer 'n verhoudingseiendom aangekoop word | Nie gewone resident nie, maar:<br>• Besit 'n Nieu-Seelandse bewonersklasvisum, of<br>• Is 'n Australiese of Singapoerse permanente resident, of<br>• Is 'n Australiese of Singapoerse burger wie "andersins sensitiewe" grond koop. | • Werksvisum.<br>• Studente-visum.<br>• Werk-na-resident visum.<br>• Vakansiewerksvisum.<br>• Besoekersvisum.<br>• Enige ander oorsese persoon. |

**'n Nieu-Seelander wat vir jou koop, het steeds toestemming nodig**

Dit is onwettig om die reëls te probeer vermy deur 'n Nieu-Seelandse burger, resident of maatskappy te gebruik om residensiële eiendom vir jou te koop.

Enige Nieu-Seelandse persoon of maatskappy wat namens jou residensiële eiendom koop, word ingevolge artikel 8 van die Wet op Oorsese Beleggings as 'n 'medepligtige' beskou en die vereistes vir toestemming geld steeds. Hierdie 'geassosieerde' reëls is van toepassing op beide formele reëlings (soos agente, trusts of sakeverhoudinge) en informele verenigings (soos geheime transaksies, verstandhoudings en ongeskrewe ooreenkomste).

As u hierdie reëls oortree, kan u sowel as u medepligtige aansienlike boetes opgelê word.

**Waar om toestemming te verkry**

Indien jy toestemming benodig om 'n eiendom te koop, moet dit so vroeg as moontlik in die huiskoopproses geskied. Daar is streng voorvereistes met betrekking tot die maak van 'n aanbod om 'n eiendom aan te koop indien goedkeuring benodig word.

Jy kan aansoek doen vir voorafgoedkeuring wat tot 'n jaar sal geld, alvorens jy 'n eiendom vind. Die Oorsese beleggingskantoor beveel hierdie opsie aan.

Jy kan ook 'n eiendom vind, en dan aansoek doen vir goedkeuring. Jy moet die goedkeuring onder die Oorsese beleggingswet van 2005 insluit as 'n voorwaarde van jou aanbod.

Jy kan nie 'n eiendom aankoop op 'n veiling tensy jy voorafgoedkeuring verkry het nie.

**Hoe om vir goedkeuring aansoek te doen**

Jy kan aanlyn aansoek doen vir goedkeuring op LINZ se webwerf.

Standaard goedkeuringsaansoeke neem tot 10 werksdae om te verwerk. Daar is 'n aanlynvorm om in te vul met jou besonderhede, insluitend inligting aangaande jou visum.

Indien jy alreeds 'n eiendom gevind het om te koop, sal jy ook inligting aangaande die grond moet verskaf.

Daar is 'n fooi betaalbaar vir alle goedkeuringsaansoeke.

Die goedkeuring wat jy ontvang, sal voorwaardes waaraan jy moet voldoen insluit.

**Verdere inligting en advies**

Verdere inligting aangaande die reëls en vereistes is beskikbaar op die LINZ se webwerf.

Indien jy onseker is oor jou geskiktheid, of enige ander aspek ten opsigte van die regulasies, beveel ons aan dat jy regsadvies verkry.